DSPACE

https://dspace.org/

Die Hollandse en afrikaanse letterkundige tydskrifte van Suid-afrika, 1824-1940

Combrinck, Wilhelmus Gerhardus

2015-02-13
http://hdl.handle.net/10539/16995

Downloaded from a DSpace repository. https://dspace.org/

aangehou daal na die oorlog. Artikels wat die redakteurs in die begin afgewys het word nou gebruik. Hy neem selfs sy toevlug na vertalings uit Engelse tydskrifte. Die gereelde rubrieke het verdwyn en die voeling met die lesers het verlore gegaan. Die intekengelde is nie betaal nie en uit die Transvaal en Vrystaat kon die gelde nie ingevorder word nie. Spoedig was die uitgewers in geldelike moeilikhede met die gevolg dat Ons Klyntji aan die begin van 1906 'n finansiële dood moes sterwe.

Baie van die taal skrywers van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging het erken dat hulle voorliefde vir Afrikaans aan Ons Klyntji te danke is.

6. ONS TAAL (1907 - 1909).

Toe G.R. von Wielligh hoor van die dood van Ons Klyntji het hy 'n brief gerig aan mnr. E.J. du Toit bestuurder van die Paarlse Drukpers Maatskappy Bepk. en die toestand betreur dat die Genootskap nou nie eers meer 'n koerant of tydskrif gehad het om die Taalbeweging voort te sit nie. Op advies van mnr. Von Wielligh het mnr. du Toit ds. S.J. du Toit geraadpleeg. Mnr. E.J. du Toit het die saak deurgedrywe en die naam van die nuwe tydskrif „Ons Taal" gegee daar dit meteens „die doel en strewe van die maandskrif bloot lê".

Ds. S.J. du Toit was ook nie die man wat moed opgegee het nie. Dadelik het hy weer opgetree as redakteur van hierdie tydskrif maar die meeste werksaamhede het geval op mnr. D.F. du Toit (Oom Daan) 'n neef van ds. S.J. du Toit.

„Ons Taal, Afrikaanse tydskrif fer oud en jong" het vanaf Mei maandeliks verskyn teen die 15e van die maand. Die redaksie se rede vir die uitgawe van die nuwe tydskrif is dat „hoewel di Afrikaanse Taalbeweging reeds meer as 30 jaar oud is, is daar op die ogenblik ni eén tydskrif in di taal nie. Ons Klyntji het bestaan, mar wil ni meer kom nie. En feral nou

met/...

met die nuwe beweging op taalgebiid denk ek dit hoogwenselik dat di beweging tog één tydskrif het, waarin het Afrikaans geskrywe word." Dan wil ek probeer om nuttig te wees. Deur storiis wil ek probeer om leeslus by myn lesers op te wek, mar dan wil ek ook probeer myn lesers nuttige mededelings te doen omtrent wat in die wêreld omgaan en gedaan word." (Ons Taal 15 My 1907).

Die doel van Ons Taal was dan 'n voortsetting van die strewe van Ons Klyntji - die bevordering van die Afrikaanse taal en die gevoel van saamhorigheid.

Maar Ons Taal was minder van 'n familieblad as Ons Klyntji. Ons tref nie so 'n groot verskeidenheid wat die rubrieke betref nie maar verder is daar baie ooreenkoms wat die uiterlike en innerlike betref. Vervolg en kort verhale, gedigte, toneelspele, boekbeskouings en aankondigings en populêr wetenskaplike praatjies. Verder is daar rubrieke „Ver di Huisgesin", „Krummeltjies" ('n soort kort en goed), Raaisels en Oor Boerdery. Onvoltooide verhale van Ons Klyntji word in Ons Taal voortgesit. Sulke verhale is Darius Bendolf se „Terug in Lewe", „'n Haastige Huwelik" (Barbu) en „Di Towerdokter".

Sommige verhandelings wat alreeds van te vore gedruk is word weer in Ons Taal herdruk soos „Geskidenis fan di Afrikaanse Taalbeweging; fer frind en fyand uit publieke en private bronne, bewerk deur 'n lid fan di Genootskap fan Regte Afrikaners uitgegé in 1880. (Ons Taal Mei 1907 - Feb. 1909).

MEDEWERKERS EN BYDRAES.

Ons Taal is 'n bewys dat ds. S.J. du Toit nieteenstaande al die teenstand begerig was om die Afrikaanse taal te dien. Die taalywer van baie Afrikaners was vir hom 'n spoorslag om weer 'n aanvang te maak. In Ons Taal het van sy hand verskyn: „Die Geskidenis fan di Afrikaanse Taalbeweging" reeds hier bo genoem en „Afrikaanse Taalskat fan spreekwoorde, gesegdes en uitdrukkings" (15 Jan.-15 Des. 1908).

In hierdie werk het hy gebruik gemaak van boustowwe deur

A. Pannevis/...

A. Pannevis versamel. Ongelukkig het siekte en dood tussenby gekom sodat hierdie werk nie voltooi is nie.

Na ds. S.J. du Toit is die vernaamste medewerker in „Ons Taal" G.R. von Wielligh. „Ponti, di Gifdokter" wat vanaf 15 Mei 1907 verskyn in Ons Taal bevat allerhande Hottentot bygelowe soos „Die Slang met die Steen"; „die vrou wat half vis - half mens is"; „die seekoeigate; die dasadder en die Motby of duiwelsby." Hy laat Ponti , die gif dokter of toordokter, self die bygelowe vertel. Hierdie verhale het Von Wielligh later gebruik vir sy „Boesman Stories". „'n Kly Huis of Selfs woon Geluk in 'n Nedrig Hut" (O.T. 15 Jan. 1908-15Des. 1908) is 'n aaneenskakeling van snaakse gebeurtenisse uit die lewe van eenvoudige mense. Die deurlopende draad wat essensieël vir 'n roman is, makeer hier.

„Twe Wonderdokters" (O.T. Maart 1909 - Des. 1909) is 'n spanningsverhaal waarvan die bou swak is. Hy gebruik een van die kafferdokters om besonderhede uit die lewe van kaffer toordokters te vertel.
Daarna het 'n korter verhaal van hom verskyn „Uit Kain's Geslag" (O.T. Sept.-Des. 1909).

Von Wielligh is altyd didakties in sy stukke en kennis stukke soos „Bye Teelt" verskyn ook.
„Abi Oufoet, 'n stori fan 'n Malbaar uit di Slawe Tyd" is 'n voortsetting uit Ons Klyntji en verhaal 'n reeks van snaakse kaskenades van 'n Malbaar. Ook hier wil hy kennis meedeel oor die slawetyd en die slawelewe.

Von Wielligh was 'n merkwaardige figuur uit die eerste tydperk. „Hy bly 'n egte Patriotskrywer wat al geselsende sy lesers wil vermaak, stig en onderrig".

Von Wielligh is die volkskrywer. Sy volkskundige aanteken[illegible] wat hy gedurende sy landmeters reise opgeteken het vlo[illegible] saam met interessante verhale. Soos hy self sy standpun[illegible]rdedig „Ek ken ons volk grondig en weet waarin hulle

behae/...

behae skep en wat hulle verwag, en so het ek die volksmaak gevolg en onderwerpe gekies waarin hulle belang stel. Ek het my verhaalstyl gekies soos hulle hul verhale vertel."

So 'n produktiewe skrywer soos Von Wielligh het dan verbasend gehelp om die Afrikaanse taal aan die lewe te hou.

Van Jacobus Tredoux Odendaal word 'n aantal sentimentele verhale geplaas: „Geflug fer Liifde" (15 July-15Sept. 1907) met liefde as die temas.

„Di Towerdokter" (O.T. 1907) wat ook 'n voortsetting is uit Ons Klyntji, is die eerste speurverhaal in Afrikaans. Net soos die roman van destyds is hierdie soort speurverhaal ook vol van die spektakel lewe en eindig ook met 'n gelukkige tafereeltjie „Henri word nagelaat, ryk, geëerd en geleerd".

'n Paar historiese verhale word gepubliseer soos „Poortrekker Ferhaal" (1907) meegedeel deur Daniel Pieter Bezuidenhout en „An di fergetelheid Ontruk" 15 Okt. 1907-Aug. 1909 verhaal die geskiedenis van „Di Trekboere" (15 Okt. 1907 - 15 Julie 1908) en „Di Dorsland Trek" (15 Sept. 1908 - Aug. 1909).

Wat veral baie toegeneem het in Ons Taal is toneelstukkies meestal „een bedrywers". Die meeste van hierdie toneelstukkies bevat een of ander sedeles bv. „Di beloning fan Jaloesi en Geldzug" of „Wi di skoen pas trek aan" (O.T. 15 Mrt. 1908 - 15 Apr. 1908). Hierdie toneelstukkies is te Marquard en ander plekke opgevoer deur D.P. du Toit.

Van G.S.P(reller) word die oorlogskets „Lettie" (15 Julie 1908) uit Die Volkstem oorgeneem.

POSSIE.

Van B.R. Buys verskyn 'n gedig „Tefredenheid" (O.Taal 15 Aug. 1907) onder die naam Darius Bendolf.

En van M.H. Neser word „Di moeilikheid van Piet Kerrig" wat eers in De Goede Hoop verskyn het geplaas.

Ander gedigte is „Oggend" en „Aand" (Sept. 1908) van G.C.T.

Van/...

Van Totius verskyn een gedig: „Di Laaste Afrikaner" (15 Julie 1907).

'n Paar gedigte op musiek soos „Myn Land" (My 1907) en „Di Afrikaanse Taal" (Juny 1907) was populêr in die tyd.

In Ons Taal begin die rubriek Boekaankondiging en Boekbeskouing meer in gewig toeneem, want 'n hele paar Afrikaanse boeke het al verskyn. Boeke wat aangekondig word is „Di Afrikaanse Nasi" ds. N.J. Brummer (Sept. 1908).

„By di Monument" verse van Totius (Nov. 1908).
In die July-Aug. 1909 uitgawe word 'n kort beskouing gegee van „Di Revier" 'n Afrikaanse gedig deur J.F.E. Celliers. Die Eselskakebeen dr. O'Kulis en Verse van Potgieter's Trek deur Totius. Hierdie beskouings is meestal net aanprysings maar dit bevat darem 'n algemene karakteristiek van die werke.

DIE KULTUURHISTORIESE WAARDE VAN ONS TAAL.

Alhoewel die ondersteuning van Ons Taal nie so goed was nie het dit dieselfde doel nagestreef as Ons Klyntji nl. die voortsetting van die Afrikaanse taal en die opvoeding van sy lesers in die Afrikaanse taal. Daarom word in die tydskrif heelwat geesdrif aangewakker vir die taal. Dit getuig Adf. J.H.H. de Waal se toespraak oor „Di Afrikaanse Taal" (15 Mei 1907). Selfs 'n lied word gekomponeer op die taal nl. „Di Afrikaanse Taal" (1907).

Die inhoud was ook baie op die gehalte van O.K. nl. Volkskundig.

Vanaf 1908 word die A.T.V. van Stellenbosch se verslae in hierdie tydskrif gepubliseer. Die A.T.V. is veral bedrywig wat betref die spelling van Afrikaans. Hierdie doel was om die Afrikaanse spelling te stabiliseer en daarom word hulle verslae en besluite omtrent die spelling in Ons Taal gepubliseer.

In sy inleidingswoord meld die redakteur dat aangesien daar nog nie offisieel o'er eengekom (is) tot 'n faste spelling ni, di foorstanders daarfan (Di Nuwe Afrikaanse Beweging)

skrywe/...

skrywe elkeen maar hy meen dat goed is. "Ek sal elkeen fry-laat om sy eige spelling te volg." Dit het verwarring veroorsaak en daarom het die A.T.V. hulle beywer vir 'n uniforme stelsel van spelling vir Afrikaans.

Die „Afrikaanse Taalskat fan spreekwoorde, gesegdes en uitdrukkings" van S.J. du Toit was ook bedoel om die lesers selfbewus van hulle taal te maak en hulle te leer in die taal.

DIE ONDERGANG VAN „ONS TAAL'.

Met Ons Taal het die G.R.A. voortgesukkel tot en met 1909.

Die feit dat ds. S.J. du Toit weer die redakteur was, was nie 'n sterk aanbeveling vir die blad by baie Afrikaners nie. Na sy stem wou hulle nie meer luister nie. Die wankelende beatman het die tydskrif gou in geldelike moeilikhede laat beland en teen die einde van 1909 moes ook Ons Taal 'n geldelike dood sterwe. Hiermee het ook die aktiewe werksaamhede van die G.R.A. doodgeloop.

G.R. von Wielligh som die arbeid van die G.R.A. as volg op:

1. Hulle het die volk leer lees en skrywe, wat die weg na 'n hoër beskawing baan.
2. So is die Tweede Afrikaanse Taalbeweging moontlik gemaak en voortgesit.
3. So is vooroordeel ook langsaan, teenstanders het voorstanders geword. Dat Afrikaans tans die steun van die kerk geniet sê baie.
4. Die Genootskap het Afrikaans tot skryftaal ontwikkel waardeur sy doeltreffendheid op die voorgrond getree het.
5. Deur hulle toedoen het Hollands in S.A. ook gouer as anders vordering gemaak.
6. Daar Di Patriot die Afrikanerbond tot stand gebring het, het die nasionale ontwaking sneller veld gewen.
7. Deur invloed van die ou Beweging het skrywers en digters die pen opgeneem wat onder Hollandse invloed alleen nie sou gebeur het nie.

8/...

8. Di Patriot was die enigste koerant wat die Ou S.A. Republiek tydens die anneksasie tot tydelike verset aangeraai het.

Die G.R.A. het hulle werk gestaak omdat hulle taak afgedaan was en omdat die Tweede Afrikaanse Taalbeweging die voortsetting so flink opgeneem het.

7. „DE GOEDE HOOP" (1903-1930).

ONTSTAAN, GERIGTHEID EN DOEL.

Nog voor die Anglo-Boere oorlog het die meeste Afrikaners gevoel dat 'n ander orgaan nodig is om die Afrikaners te lei op kulturele gebied. „Di Patriot" en „Ons Klyntji" kon die nasionale gevoelens van die Afrikaners nie meer bevredig nie. Maar in die Transvaal en Vrystaat het politieke toestande as gevolg van die ontdekking van goud tot 'n geweldige stryd gelei teen uitheemse elemente. Die stryd om bestaan teen vreemde kultuur en kapitaal was te hewig om geleentheid te gee tot die ontwikkeling „aller gaven en talenten".

'n Eg nasionale orgaan of tydskrif sou in hierdie tyd 'n moeilike bestaan gehad het. Ander toestande moes die Afrikaners louter en hulle bewus maak van die gevare wat hulle nasieskap bedreig.

Die verwoesting en verarming wat die Anglo-Boere oorlog meegebring het, het 'n nasionale ontwaking bewerkstellig.

Hierdie ontwaking het die vorm aangeneem van 'n stryd vir behartiging van eie nasionale belange, die behoud van taal en kultuur.

Die stryd moes noodwendig 'n taalrigting inslaan want die toename van Engels op elke gebied en die taal vermenging het so toegeneem dat die voormanne op die gebied van Afrikaans, gevrees het vir die voortbestaan van Afrikaans. Die sterk en groter Engelse kultuur het die behoud van nasionale selfrespek laat wankel veral na die Britse oorwinning.

Gedurende die oorlog al het Sargent, die direkteur van Onderwys onder aansporing van Lord Milner probeer om die

kinders/...

kinders te Engliseer terwyl hulle nog in die Kampe was. In 1903 skrywe hy aan Lord Milner om tog vaderlandsliewende onderwyseresse uit te stuur om die kinders die Engelse taal en groot Imperiale ideale te leer. En die „Colonisation Society" het dadelik begin werk maak daarvan en binne die eerste vier jaar het hulle 4,000 Engelse onderwysers na S.A. laat kom.

Artikel 6 van die Vredestraktaat nl. „The Dutch language will be taught in Public Schools in the Transvaal and the Orange River Colony, where the parents of the children desire it" was maar net blote skyn soos Pres. Steyn aan W.T. Stead geskrywe het. Die Afrikanerleiers het besef dat alleen deur die behoud van Afrikaans die Afrikaanse volksbestaan gehandhaaf kon word.

Die heldhaftige vryheidstryd van die republieke en die doodskiet van Kaapse rebelle het die Afrikaners van die kolonie laat simpatiseer met die Afrikaners in die noorde en hulle besiel met 'n vurige nasionalisme.

In Mei 1903 is die wens uitgespreek om 'n Hollandse maandblad „voor Jongelui" uit te gee. Na aanleiding hiervan is 'n tydjie later 'n vergadering gehou in die studeerkamer van „Onze Jan". Die vergadering het bestaan uit J.H. Hofmeyr, Adv. J.S. Malan, ds. J.P. van Heerden, M.J. Brink, S.J. du Plessis en adv. J.H.H. de Waal. Daar is besluit om 'n maandblad te begin en in Julie 1903 het Mevr. Koopmans-de Wet die blad gedoop „De Goede Hoop" en dit met die goeie wens „Al wat voor edels, goeds en groots gy in hope schryven zult ten beste van ons dierbaar volk en vaderland" die wêreld ingestuur.

Adv. J.H.H. de Waal, 'n erkende voorstander van Afrikaans, was die redakteur.

Die doel van „De Goede Hoop" was van begin af duidelik. Dit was meer bepaald vir jongeliede bedoel. By hierdie mense wat die toekomstige nasie moet uitmaak moes 'n eg nasionale gesindheid gekweek word en hulle lees en skryflus moes opgewek word.

Daar/...

Daar was destyds geen gebrek aan politieke nuusblaaie nie en aan kerklike uitgawes het dit ook nie ontbreek nie maar daar was wel behoefte aan 'n letterkundige maandblad, wat moes dien as die bolwerk van Hollands en Afrikaans teen Engels. In die eerste nommer meld die editeur dat alle politieke en godsdienstige polemiek uit die blad geweer sal word. Die behoud van die Hollandse taal was die vooropgestelde doel. „Geachte mede-Afrikaners terwille van de welvaart onzer dierbare taal - de eenige nationale erfenis die wy nog de onze mogen noemen - willen wy U vragen, dit blad, u blad zoveel mogelik te verspreiden. Wy moeten zorgen dat Hollandsch niet gelyk Latyn een doode taal wordt. By velen onder ons volk is helaas dit reeds het geval. 't Is voornamelyk met het doel om deze treurige neiging tegen te werken dat De Goede Hoop is tot stand gebracht" (D.G.H. Julie 1903).

Adv. de Waal het hom van die begin af beywer vir Afrikaans. „Deur sy verstandige, stadig-oor-die-klippe taktiek het hy veel gedoen om die vooroordeel teen Afrikaans uit die weg te ruim. Hy moes versigtig te werk gaan want die eienaars van die blad was voorstanders van Hollands. Toe van die lesers in 1905 klo dat daar te veel Afrikaans in die blad verskyn, het hy hulle gou gesus met „dat na Juli de bydragen in 't Kaapsch-Hollandsch een zeer gering deel van ons maandblad zullen opnemen". Na aanleiding van Preller se brosjure „Laat 't ons toch ernst wezen!" sê hy: „Wy willen in alle vriendelikheid waarschuwen niet te haastig te werk te gaan. De invoering van Afrikaansch als schryftaal moet zacht en geleidelyk geschieden" (D.G.H. Sept. 1905.) Hy wou dus nie dat daar 'n taalstryd losbrand tussen Hollands en Afrikaans nie deur te haastiglik te werk te gaan nie. Dit was nie net 'n taalkwessie nie maar 'n lewenskwessie. In Aug. 1905 rig dr. N. Hoogenhout, dr. M. Lingbeek, Eugene Marais en G.S. Preller 'n opebrief aan Ons Volk oor die Taal van ons

land/...

land. „Ons ernstige o'ertuiging is dat die voortbestaan en ontwikkeling van ons volk as volk afhang bloot en alleen van die erkenning, behoud en veredeling van die taal wat ons praat."

By sy beoordeling van De Waal se roman „Johannes van Wyk" (Sept. 1906) wys dr. D.F. Malherbe daarop dat die betekenis van die roman vir ons taalstryd swaar weeg. „Ons volkstaal, ons dierbare boompie, swoeg vandag onder die dubbele las van vyandskap en verfoeielike vooroordeel. En daarom verdien diegene, wat skriftelik of andersins manmoedig optree vir die saak ons ondersteuning en waardering.

Vir ds. J.D. Kestell was „Ons taal ..... na die Godsdiens die ernstige saak wat die Afrikaner kan besig hou. Dit is - laat my toe om my so uit te druk 'n saak van lewe en dood".

Onder die skuilnaam Patriot begin adv. de Waal met sy artikel „Hollandsch in ons Parlement. Vordert onze taal?' 'n reeks strydskrifte ten gunste van Afrikaans en die taal van die Hollands-sprekende Afrikaners. „Er bestaat niet de minste twyfel dat de neiging onder de Afrikaner leden in het laerhuis is om hun taal te laten varen." (D.S.H. Sept. 1903).
En in Juni 1904. „Ik geef minder om wie eerste minister is dan ik geef om de welvaart onzer taal als een sterken steunpilaar niet alleen van onze kerk maar van onze nationaliteit."

Hy moedig die jong Afrikaners aan om 'n taalvereniging te stig vir die bevordering van hulle spreek en skryftaal (D.G.H. Julie 1904).

In sy kragtige artikels „Opmerkingen" onder die skuilnaam Jan van Rozenburg het hy 'n groot stoot aan die nasionale beweging gegee.

Het Transvaalse volk had tot 1902 zyn eigen vlag, zyn eigen land, zyn eigen volkomen onafhanklikheid. Dit heeft het niet meer. Het heeft echter nog een eigen taal. Gaat het daarmee handelen gelyk de Afrikaners van het Kaapse Parlement, die by

ieder gelegenheid spreken van taalgrieven en taalrechten maar in de beoefening tonen, dat de kwestie van taal hun helemaal onverschillig is?"

Frederik Rompel gee aan die hand dat die toneel moet gebruik werd as 'n „wapen in de nationale stryd".

In die uitgawe van Junie 1907 antwoord hy op die Cape Times se belediging teen Afrikaans. Hy bewys dat Afrikaans volgens taalwette 'n suiwer der Germaanse taal is as Engels en dat Afrikaans meer fonetiese is.

Jan van Rozenburg het ook heftig te velde getrek teen die Engelse dienste in die Hollandse kerke (Sept. 1907). „Wat wint de gemeentes door dat Engels preken" nie een Engelsman het daardeur by die Hollandse kerk aangesluit nie.

In Jan. 1913 het de Waal aan die lig gebring dat di Groot Kerk van Kaapstad onder valse voorwendsels £20,000 van C. Hofmeyr aangeneem het, want hulle hou nog die hoofdienste in Engels. Deur de Waal se artikels het daar 'n einde gekom aan die Engelse dienste. In hierdie taalstryd is D.G.H. bygestaan deur sulke liggame soos die A.T.G. in Tvl., die A.T.V. in die Kolonie en die C.N.O. skole.

Die inhoud van die blad het nie veel afgewyk van ander of vorige familieblaaie nie.

Aangename leesstof is verskaf in die vorm van vervolgstories soos historiese romans, kort verhale en sketse. Toneelstukke vir debatsverenigings het ook aandag geniet. Die debatsverenigings het nie verslae gestuur nie en i.p. daarvan is later die verslae van die C.J.V. en die A.C.V.V. gepubliseer. Ook die sportkolom moes gestaak word.

Verder het verskyn gedigte, boekbeoordelinge, taalkundige en kultuurhistoriese artikels, wetenskaplike verhandelinge, geskiedkundige navorsinge, reisbeskrywings en aardrykskundige kennis en artikels. Lewensbeskrywings van vooraanstaande Afrikaners is geplaas, om die lesers trots te maak op hulle

helde/...

helde en geskiedenis en om die minderwaardigheidsgevoel wat die Afrikaner gekry het na die oorlog weg te ruim.
Die gewone rubrieke soos „Vir die Kinders", „Wie weet dit?" Grappe en anekdote was daar ook.

In die begin was alles nog Hollands maar al gou kon die redakteur meld dat al meer en meer medewerkers hulle van Afrikaans bedien.

Die smarte van die oorlog vind sterk weerklank in die begin bv. „De Krygswet, de Censor en ik", „Het Vrouwenleven buite de Kampen", „Door de Anglo-Boer Oorlog met het Johannesburg Commando" ens.

MEDEWERKERS EN BYDRAES.

1. PROSA.

J.H.H. de Waal het as redakteur probeer om deur uitlewing van honorarium die skryflus van sy lesers op te wek, maar die resultate was teleurstellend. Om die populariteit van die blad te verhoog het De Waal besluit om self 'n roman te skryf. Die historiese roman, „Johannes van Wyk", het as vervolgverhaal in De Goede Hoop verskyn vanaf Jan. 1904. De Waal het dus skrywer geword „nie deur 'n innerlike skeppingsdrang nie maar deur die dwingende mag van omstandighede."

Johannes van Wyk was 'n daad van betekenis. Na „Di Koningin fan Skeba" was dit 'n verdere antwoord op die spot en aanvalle van die teenstanders van Afrikaans dat „Het Afrikaans geen letterkunde heeft."

Die grootste geesdrif het onder die Afrikaanse kringe geheers. Die meeste koerante het dit warm aanbeveel, die A.T.G. in Pretoria het 'n beroep gedoen op alle Afrikaners om dit te lees. „Met uitsondering van Olive Schreiner se „Story of a South African Farm" is dit die lesenswaardigste boek van sy soort wat daar nog in Hollands, Afrikaans of Engels in ons wêrelddeel verskene is."

Hier het 'n fris, Afrikaanse lug uitgewaai, tenspyte

van/....

van watter gebreke ook. De Waal het die gordyn opgetel en die leser in die verlede van sy eie land en volk laat kyk. Dit is iets egs wat pak, tenspyte van die romantieke opset.

Dr. D.F. Malherbe skryf in D.G.H. dat dit 'n gelukkige voorbeduidingsteken is. Dieselfde historiese verhaal wat ons teruglei tot aan die wordingsdrempel van die ontkiemende Afrikaanse volk en tegelykertyd een van die belangrikste voorbodes is van die nou sig magtig ontvouende geesdrif vir 'n egte nasionale literatuur.

Preller gee 'n breedvoerige bespreking van die werk en wys op die gebreke. Maar nieteenstaande hierdie gebreke was Johannes van Wyk die opwekkingsprikkel wat so nodig was vir die Tweede Afrikaanse Beweging - 'n gewigtige kultuurgebeurtenis - die eerste Afrikaanse roman van die Tweede Beweging."

Vanaf 1911 het De Waal al minder steun ontvang van medewerkers sodat hy alleen soms byna die hele blad moes vul veral vanaf 1911. Miskien is dit te wyte aan die ontstaan van Die Brandwag in 1910. Dit sryf hom tot die skryf van 'n tweede roman „Die Twede Grieta" (D.G.H. Jan. 1912 -). „Die intrige bly hoofsaak en die oorlog 'n handige raamwerk waarop oneindig avonture borduur."

Net soos D'Arbez voor hom, staan De Waal se romans in die teken van Van Lennep se kuns. Sy helde is onoortreflik dapper en deugsaam en die skurke word al hoe meer veragtelik totdat hulle die baarlike duiwel in persoon word." Die gebeure volg nie uit die handeling van die karakters nie, maar die karakters bestaan eerder terwille van die handeling.
Die moeilike en gespanne situasies word deur toeval ontwar.
Nie as kuns nie maar as kultuur historiese werk is sy romans van belang.

Hierdie patriotiese skrywer het ontspanningslektuur vergeskep in 'n tyd toe dit van onskatbare waarde was. Sy verspreide stukke wat in D.G.H. verskyn het, het hy gebundel onder

die/...

die tietel „Stompies". Meeste van hierdie stukke wat De Waal geskrywe het was om die blad gevul te kry.

Wat die spelling van Afrikaanse woorde betref het De Waal probeer om 'n middeweg te volg. Hy beveel aan:- „Spel volgens die uitspraak maar wyk nie onnodig van die Hoog-Hollandse spelreëls af nie." Hy wou die Afrikaanse medewerkers tegemoet kom en ook nie die Hollandse eienaars en veral die predikantlesers vervreem nie."

De Goede Hoop het nie 'n vaste standpunt aangaande die spelling ingeneem nie. Dit het 'n groot verskeidenheid by die medewerkers laat ontstaan. Nieteenstaande die teestand het dit sommige medewerkers wat spellingsbesware gehad het aangespoor om te skrywe.

De Waal se taal laat veel te wense oor want dit vertoon 'n sterk Engelse kleur. Dit wemel van Anglisismes.

„Wat de Waal se taal uit 'n kunsstandpunt van geringe waarde maak is sy onbeholpe pogings om 'n Engelse gedagtewêreld 'n Afrikaanse tint te gee."

De Waal se werk is later baie gekritiseer maar „As een van ons eerste romanskrywers wat in die mees kritieke periode van ons volksbestaan leeslus by die jong geslag opgewek het, verdien De Waal die dankbare hulde van die nageslag."

Twee toneelstukke van Janni (d.i. J.H.H. de Waal) „Anjelma" en „Die Spioen en syn handlangers" het ook in D.G.H. verskyn.

Anjelma is baie in dieselfde gees as sy romans geskryf. Die romantieke opset en 'n lewendige maar ongemotiveerde handeling.

Van B.P. van Niekerk het verskyn 'n toneelstuk „Nog nie te laat nie."

„Piet Retief 'n Nasionaal Stuk" is geskryf deur J. Kuhn. Hier is die inhoud van meer belang as die tegniek. Die toneelstuk is geskrywe in taal wat amper Hollands is met die gevolg dat die stuk se atmosfeer vreemd voordoen.

POËSIE.

In die begin was die gedigte in D.G.H. oorgeneem uit Hollandse/...

Hollandse digbundels of tydskrifte. Veral die berymde gevoelens van Tollens, Ter Haar, Beets, Ten Kate e.a. Predikant digters kry voorkeur. Die Redaksie het seker gemeen dat hierdie gevoelens en idees oor godsdiens, sedelikheid en huislikheid, meer uitwerking sou hê op sy lesers wat lede was van 'n volk wat bekend was vir hulle godsdiens. Die editeur kla oor die gebrek aan oorspronklike poësie.

Maar al gou volg gedigte in die digtrant van Di Patriot, grappige en geestige gedigte. Selfs De Waal val ook onder hierdie groep. Sy gedig „Di Kleksie Stryd" onder die naam Janni is perfek wat maat en rym betref. Net so is die lang pleidooi „Di Afrikaanse Taal aan di woord", waarin egter egte gevoel en kuns ontbreek.

„ Men vindt er versjes over vaderlandsliefde, godsdienst, onze taal, onze helden en men treft er ballades, fabels en verhalen aan, maar vergeefs zoekt men er naar iets dieps, iets dat je ziel aangrypt en verrukt....."

Allen Petrie het ingesien dat daar te veel predikantspoësie verskyn het en probeer om in die behoefte te voorsien. Hy skryf sonnette onder invloed van die Tagtigers se digkuns, maar hulle digterlike taal en gevoel kon hy nie bemeester nie. Veral Verwey het sterk invloed op hom uitgeoefen want hy skryf ook „De Man van Smarten" en „De Heilige stad met de Tempeltuine."

Teen 1906 is die oorlogsmotief in die prosa aan die afneem en rympies in Patriot styl word al minder. So stadig aan begin 'n meer egte Afrikaanse gees en gevoel die letterkundiges wat in Europa gestudeer het, te besiel.
Die Volksliedjies „Blomme in die Vlei" en „Grietjie" in Jrg. 1907 het die volk aangegryp met 'n geestesdors. 'n Meer verhewe smaak toon dat nou gedigte van Gezelle en vertalings van Goethe en Schiller geplaas word en studies oor Vondel en Shakespeare word in Hollands gelewer.

In die Feb. 1908 uitgawe vind ons die eerste deurleefde

oorlogs-/...

oorlogspoësie. 'n Egte nasionale gees weerklink uit die digkuns waar voorheen die meeste gedigte huislik en didakties was. „In di Kamp" van Totius „is weemoed die zich tot innigheid concentreert"; In soetvloeiende digterlike taal ontboesem hy sy medelye met die vrouens en kinders wat die smartlikste lyding van die oorlog moes verduur.

„By di Monument" is sy versekrans wat hy lê aan die voet van die grafte van die duisende vrouens en kinders wat hulle lewe geoffer het vir 'n vryheidsideaal. Hierdie sombere simboliese tragiek vervul die leser met 'n koue weemoedsgreep.

In sy eerste verse is die taalvorm nog baie Hollands gekleurd.

DR. D.F. MALHERBE.

Sy eerste gedigte is in De Goede Hoop gepubliseer. In D.G.H. Febr. 1909 verskyn sy eerste gedig „Die Warrelwind" en in Aug. 1909 „Die Droogte". As gevolg van sy studie in Europa staan Malherbe se digkuns sterk onder invloed van die Nederlandse en Duitse liriek en Die Karo veld het hom verder bekoor. Nie oorlogsleed nie maar die natuur het Malherbe geïnspireer. Maar soms is sy natuurimpressies en emosies meer beredeneerd as deurvoel. So bv. is in „Die Droogte" te veel redenering oor die droogte en te min uitbeelding. Droogte is die noodlot wat die boer met ondergang dreig. „Malherbe besit nie die spontaneïteit van Leipoldt nie en nie die beeldende krag van Celliers nie."

DR. C. LOUIS LEIPOLDT.

Nie veel van Leipoldt se gedigte het in D.G.H. verskyn nie. „In Amsterdam" (Junie 1912) is 'n treffende vergelyking tussen Holland en Suid-Afrika „Lenteliedjie", „Oktobermaand" (D.G.H. 1913) en „Oom Gert Vertel" word ook deur die redaksie geplaas.

Anders as Totius en Malherbe in die begin is Leipoldt se gedigte suiwerder Afrikaans in taal en uitdrukking. Hy toom hom ook meer vatbaar vir verskeie emosies. Die natuur met al sy plante

en diere bekoor hom. In „Oom Gert Vertel" sien en beleef hy die tragiese lotgevalle van die oorlog soos deur die gemoed van een van die lydendes belewe. Sy eenvoudige taal bereik groot natuurlike effek veral as hy optree as digter-prater met sy leser. Sy emosies is meer spontaan ontboesem. Sy verstegniek is in 'n eie persoonlike trant. In 'n digterlike geselstoon, sonder vaste metrum vloei die gedagtes voort.

3. LETTERKUNDIGE KRITIEK.

In die begin was die poësie in D.G.H. maar meestal prulrympies. Allen Petrie se voorstel dat bevoegde kritisie soos dr. Viljoen gevra moet word om leiding te gee is nooit op ingegaan nie. Van 'n diepgaande letterkundige kritiek is daar ook nouliks sprake. Boekbesprekings en aankondigings moes deur die editeur self gedoen word. M.H. Neser word lof toegeswaai en sy gediggies word as „puik" beskrywe. De Waal se begrip omtrent 'n roman blyk uit sy bespreking van dr. D.F. Malherbe se roman „Vergeet nie". „In de gewone roman heeft de held altyd te kampen met een listige nededinger om de hand van de beminde. Onverwachte gebeurtenissen gemoedprikkelende verrassingen komt ge heel weinig tegen"(D.G.H. April 1913).

Dr. D.F. Malherbe bespreek De Waal se historiese roman „Johannes van Wyk" (Sept. 1906) en spreek sy bewondering daarvoor uit „Oral 'n diep-historiese gevoel, wat omstandighede en gebeurtenisse in die oog hou..... en (hy) bied ons in sprekende simbole die inwendige van sy persone."

Maar daar kom verdieping. Dit word bewys deur die resensie op F.W. Reitz se „Sestig uitgesogte Afrikaanse Gedigte".

„Vergeefs zoekt men er naar iets dieps, iets dat je ziel aangrypt en verrukt....."

Die eerste uitvoerige resensie verskyn oor „Martjie" (Mei 1912) van J. Celliers. Dit is eienaardig dat De Waal hom van Hollands bedien as hy 'n Afrikaanse gedig bespreek. Dit is miskien te wyte aan die houding van die eienaars van die blad. Hy kritiseer

Celliers/...

Author Combrinck W G
Name of thesis Die Hollandse en Afrikaanse Letterkundige tydskrifte van Suid Afrika 1944

PUBLISHER:
University of the Witwatersrand, Johannesburg
©2013

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the University of the Witwatersrand, Johannesburg Library website are protected by South African copyright law and may not be distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

The University of the Witwatersrand, Johannesburg, is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the Library website.